

8 November

Skrifgedeelte: Psalm 99:1-9
Fokusgedeelte: Psalm 99:5-9

God is heilig, en hier!

Tot drie keer toe hoor ons in hierdie Psalm: God is heilig. Die digter wil daarmee sê:

- *God alleen regeer.* Moontlik is hierdie Psalm voorgedra by 'n jaarlikse fees waarop die verbond tussen die Here en sy volk hernu is. Dit verwys na die Here in sy tempel as simbool van sy hemelse troon. Vandaar regeer Hy as die heilige, verhewe God oor alle volke. Almal moet in ontsag voor Hom buig.
- *God regeer regverdig.* Hy skenk aan almal wat hulle nodig het om wie hulle is, volledig te kan wees. Daarom eis Hy ook van almal volle gehoorsaamheid. Hier gaan dit dus ook oor die wrekende geregtigheid van God wanneer Hy die sonde en die sondaars straf. Maar hier gaan dit ook oor die belonende geregtigheid van God wanneer Hy ons in Christus seën en ons goeie werke uit genade beloon.
- *Net God spreek mense volkome vry.* God gee middelaars om namens 'n sondige volk by Hom in te tree, mense soos Moses, Aäron en Samuel. Aan hulle betoon Hy Hom as die heilige God, omsluis deur 'n wolkkolom, maar wat tog direk met hulle praat, hulle gebede verhoor en hulle sondes vergewe.

God het Hom aan ons bekend gemaak as die Heilige deur Jesus Christus, ons Middelaar. In Hom is ons gebede verhoor, en deur Hom het ons volkome verlossing ontvang.

Sing: Psalm 99:4, 5

Ds. WGM Kotze (Rooihuiskraal)